# LAER VOLKSKOOL
## GRAAFF-REINET

**NUUSBRIEF**
**Nommer 6**
**21 Februarie 2020**

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

**HUIS EYBERS TUSSENVERKIESING**
Die uitslag van die tussenverkiesing is as volg:
Janine Viljoen en Ninon du Plessis. Veels geluk en sterkte.

**DEPARTEMENT GESONDHEID**
Graad 5 ouers ontvang vandag konsentvorms in verband met die inenting van Graad 5 seuns. Voltooide vorms moet asseblief op **Maandag, 24 Februarie** by die klasonderwyser ingehandig wees. Inenting vind op 24 Februarie 2020 plaas.

**EPOS**
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

**BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK SOOS OP DIE KALENDER**

| | |
|---|---|
| 24 - 28 Feb | Tennis Sun City |
| 25 Feb | Karoo gala |
| 26 Feb | Krieket vs Cradock (t) o.9 – o.13 |
| | OP Tweekamp te PE |
| 27 Feb | B-Groep gala |
| 28 Feb | Top 8 gala te PE 18:00 |
| 11 Maart | Netbalproewe Graaff-Reinet o.12 & o.13 |
| 17 Maart | Netbalproewe Beyers Naudé o.12 & o.13 |

## SPORT

**TENNIS**
Op Maandag, 17 Februarie het ses o.10 seuns en vier o.10 dogters teen Laerskool Gill 'n tenniswedstryd op ons bane gespeel. Vir die meeste leerlinge was dit hul eerste wedstryd en daar is met baie ywer en groot glimlagte gespeel. Die uitslae is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dogters: | Enkels 2 elk; | Dubbels 1 elk; | LVS 3 – Gill 3 |
| Seuns: | Enkels 3 elk; | Dubbels 2 – 1; | LVS 5 – Gill 4 |

Die eerste seuns- en dogterspan het teen Gill gespeel op 17 Februarie. Hulle het die wedstryd gewen. Baie mooi gespeel almal. Die uitslae is as volg:

Seuns wen 9 – 0; Dogters wen 2 – 1



**SUN CITY TOERNOOI**
Die volgende spelers gaan vanaf 24 – 28 Februarie aan die Sun City Toernooi in Sun City deelneem. Louwen Wolfaardt, Ruan van der Merwe, Petrus Wolfaardt, Francois van der Merwe en Hannes van der Merwe. Baie sterkte aan almal.

**BOOGSKIET**
Caper Bekker het met die afgelope Port Alfred HS interskole 'n silwer medalje in 3D en 'n brons in die bullseye verwerf. Baie geluk Casper.

**PERDRY**
Marli Fourie en Tiaan Fourie van Laer Volkskool het die naweek, 13 Februarie 2020, aan die Hopetown Noord-Kaap Streekskou deelgeneem.

Marli kan net deelneem in haar o.10 ouderdomsgroep. Sy behaal 'n 2de plek in die stap-draf kinderryperd en ruiter 10 jaar en onder.

Tiaan Fourie neem in 3 verskillende afdelings deel. Sy uitslae is soos volg:
2de in die drie-gang park ruiters 18 jr en onder.
3de in die vyf-gang plesierperd ruiters 18 jaar en onder.
2de in die vyf-gang kinderryperd ruiters 14 jaar en onder.
1ste in die vyf-gang kinderruiter 14 jaar en onder.
2de groot kampioen vyf-gang plesierperd.

**SWEM**
Geen swem Maandag, 24 Februarie vir LVS se swemmers nie, want die swembad word voorberei vir die Karoogala op Dinsdag, 25 Februarie 2020.

**ATLETIEK**
Die volgende atlete het aan die Cradock Uitnodigingsatletiek deelgeneem op 13 Februarie 2020.

| Ouderdomsgroep o.7 | Ouderdomsgroep o.8 | Ouderdomsgroep o.9 |
|---|---|---|
| Klara van Jaarsveld | Annabelle Kruger | Ancois Viljoen |
| Tamera Pietersen | Ané Lategan | Angela Vorster |
| Elané de Vos | Miané van der Merwe | Jurika Fourie |
| Deodene Grootboom | Jean-Pierre Lombard | Lee-Jon Blignaut |
| Grantham Vers | Benrique Jacobs | Jaydin Pieterse |
| Kobus Lötter | | Daniël Pieterse |
| Duwane Minnaar | | Christo Nel |
| Silke Baartman | | |

Hulle het pragtig gehardloop en Laer Volkskool se naam hoog gehou. Baie geluk!

Die volgende leerlinge het uitstekende plekke in die finale behaal:

| Seuns o.9 | | Dogters o.7 | |
|---|---|---|---|
| Lee-Jon Blignaut | 1ste 60m | Klara van Jaarsveld | 4de 60m |
| | 1ste 80m | Tamera Pietersen | 1ste 80m |



**HOKKIE**
Môre aan al die Ouers. Dit is alweer hierdie tyd van die jaar waar ons begin oefen en beplan aan ons wintersport. Ons is baie dankbaar vir Claudia (Coach) wat tot voordeel van AL ons dogters met Union gereël het vir tyd op die Astrobaan elke Vrydag. (sy begin vandag!) Let wel: Daar is geen kostes daaraan verbonde nie.

Sy het dit vir ons as volg uitgewerk sodat dit almal moontlik kan pas:

- Die kleinspan Gr 1-3    12:30 / direk na skool.
- Ouer dogters    13:00 / direk na skool.

Kom ons as LVS ouers en dogters doen moeite om daar te kom en almal dit saam te geniet.

**INTERSKOLE GALA**
Baie dankie vir elke swemmer wat gister aan ons Interskole Gala deelgeneem het. Volkskool is trots op elke swemmer.
Laer Volkskool het 372 punte en Union het 407. Volkskool verloor die gala met 35 punte. Die Victrix Ludorum was Carlien Oosthuizen en die Victor Ludorum was Aidan Thiart wat hy deel met Mathew Paxton van Union. Baie geluk aan die swemmers.

**B GROEP GALA**
Die 4de B Groep Gala is op Saterdag, 15 Februarie in Port Elizabeth gehou. Van ons swemmers het deelgeneem en die uitslae is as volg.

| Swemmer | Ouderdom | 50m Vlinder | 50m Rug | 50m Bors | 50m Kruip | 100m Kruip |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Zenicke v Schalkkwyk | 8jr | | 4de - 51,21 | | 7de - 46,45 | 1:49,07 |
| Frederick de Klerk | 9jr | | 6de - 49,40 | | 8ste - 43,36 | |
| Carlien Oosthuizen | 10jr | | 10de - 47,96 | 18de - 59,83 | 11de - 40,36 | 1: 37,90 |
| Elné Viljoen | 10jr | | 9de - 46,85 | | | |
| Danél de Koker | 10jr | | 20ste - 1:01,34 | 21ste - 1:04,63 | 21ste - 56,26 | |
| Lara Vosloo | 11jr | | 19de - 53,73 | 30ste - 1:13,20 | 26ste - 44,50 | |
| Francois Naudé | 11jr | | 11de - 46,03 | 25ste - 1:03,83 | 22ste - 43,47 | 1:50,76 |
| Louis de Wet | 11jr | | 15de - 49,98 | 14de - 54,41 | | |
| Aidan Thiart | 12 jr | 9de - 46,93 | 6de - 41,58 | 11de - 49,26 | 12de - 36,00 | 1:32,94 |
| Hannes vd Merwe | 12jr | | 14de - 47,13 | 14de - 51,29 | 16de - 38,70 | |

GEDAGTE VIR DIE WEEK

**GOD SE BESKERMING**

*Geen nag is te donker,*
*Geen las ooit te swaar;*
*God kan in alles*
*Sy kinders bewaar.*

*Spreuke 3:7*

*D Joubert*
*Skoolhoof*
*Epos: hoof@laervolkskool.org*
*Tel: 049 8910803*




## Leah en Willem Botha-konsert

**27 Februarie 2020 om 18h30**
**LVS Skoolsaal**

Die OOV nooi almal na Leah en Willem se konsert! Bring die hele gesin en kom kuier lekker saam. Daar sal stoele voor in die saal gepak word vir die kinders en tafels met stoele agter in die saal vir volwassenes.

Daar sal ook heerlike eetgoed tydens pouse in die vierkant verkoop word. 'Donuts', pasteitjies, koffie, koeldranke en vele meer! Leah en Willem sal ook na afloop van die konsert beskikbaar wees vir foto's en cd-verkope.

Kaartjies is by Brenda by die kantoor te koop. R100 vir volwassenes en R60 vir skoliere. Daar sal ook die aand kaartjies by die deure beskikbaar wees. Moet dit nie misloop nie!

